



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**MUSIEK V2**

**FEBRUARIE/MAART 2015**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 30**

**Hierdie memorandum bestaan uit 22 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:  

AFDELING A (Gehoor)	(10)
AFDELING B (Herkenning)	(12)
AFDELING C (Vorm)	(8)
2. VRAAG 1, VRAAG 2, VRAAG 3 en VRAAG 7 is verpligtend.
3. Beantwoord VRAAG 4 (Westerse Kunsmusiek (WKM)) ÓF VRAAG 5 (JAZZ) ÓF VRAAG 6 (Inheemse Afrika-musiek (IAM)).
4. Skryf al jou antwoorde op hierdie vraestel. Gebruik 'n potlood vir musieknotasie en blou of swart ink vir die ander antwoorde.
5. Hierdie eksamen sal geskryf word terwyl die kandidate na 'n CD luister.
6. Die musiekonderwyser van die sentrum moet die eksamen in die teenwoordigheid van die toesighouer afneem.
7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Die kandidaat mag hierdie bladsy verwyder.
8. Kandidate mag vir die duur van die eksamen nie toegang tot enige musiekinstrument hê nie.
9. Skryf netjies en leesbaar.

**INSTRUKSIES AAN DIE PERSOON WAT MET DIE KLANKAPPARAAT WERK**

1. Die instruksies vir die musiekonderwyser verskyn in raampies.
2. Elke musiekuittreksel (snit) moet die vereiste getal kere wat in die vraestel gespesifiseer is, gespeel word.
3. Laat genoeg tyd tussen snitte toe sodat kandidate tyd het om te dink en hul antwoorde neer te skryf voordat die volgende snit gespeel word.
4. Die nommer van die snit moet elke keer duidelik aangekondig word voordat dit gespeel word.
5. Indien 'n skool meer as een stroom (Westerse Kunsmusiek (WKM), JAZZ, Inheemse Afrika-musiek (IAM)) aanbied, moet die volgende riglyne gevolg word:
  - Elke stroom moet die eksamen in 'n aparte lokaal skryf.
  - Elke lokaal moet met geskikte klanktoerusting toegerus wees.
  - Elke lokaal moet sy eie CD met musiekuittreksels ontvang.
  - 'n Toesighouer moet in elke lokaal teenwoordig wees.
  - Die snitte moet soos volg gespeel word:
    - WKM-kandidate: Snit 1–17 en Snit 31–34
    - JAZZ-kandidate: Snit 1–11, Snit 18–23 en Snit 31–34
    - IAM-kandidate: Snit 1–11 en Snit 24–34
6. 'n CD-speler wat met batterye werk, moet beskikbaar wees in geval van 'n kragonderbreking.

**NASIENROOSTER**

<b>AFDELING A: GEHOOR</b>	<b>TOTAAL</b>	<b>NASIENER</b>	<b>MODERATOR</b>
VRAAG 1 (VERPLIGTEND)	4		
VRAAG 2 (VERPLIGTEND)	6		
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>10</b>		

<b>AFDELING B: HERKENNING</b>	<b>TOTAAL</b>	<b>NASIENER</b>	<b>MODERATOR</b>
VRAAG 3 (VERPLIGTEND)	4		
<b>EN</b>			
VRAAG 4 (WKM)	8		
<b>OF</b>			
VRAAG 5 (JAZZ)	8		
<b>OF</b>			
VRAAG 6 (IAM)	8		
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>12</b>		

<b>AFDELING C: VORM</b>	<b>TOTAAL</b>	<b>NASIENER</b>	<b>MODERATOR</b>
VRAAG 7 (VERPLIGTEND)	8		
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>8</b>		

<b>GROOTTOTAAL</b>	<b>30</b>		
--------------------	-----------	--	--


*Vir die aandag van die nasiener: Punt sal toegeken word vir enige korrekte antwoorde wat nie in die memorandum voorkom nie.*

## AFDELING A: GEHOOR

### VRAAG 1

Speel Snit 1 VIER keer. Wag 30 sekondes na elke herhaling.

- 1.1 Luister na die melodiese en ritmiese frase. Voeg die tydmaatteken by. Noteer slegs die ritme van die ontbrekende note in maat 2, 3 en 4.



Speel Snit 1 nog EEN keer.

**Antwoord:**



*Een punt per maat = 3 punte  
Tydmaatteken = 1 punt  
(Minus ½ punt vir elke fout tot 'n maksimum van 1 punt per maat.)*

**[4]**

**VRAAG 2**

Speel Snit 2 EEN keer om 'n algemene oorsig te gee.

Luister na *The Entertainer* deur Scott Joplin terwyl jy die regterhandparty van die partituur volg en beantwoord dan die vrae wat volg.

## The Entertainer

Scott Joplin

The musical score is in 2/4 time and consists of six staves of music. The first staff (measures 1-4) is labeled with (a), (b), and (c) above it. The second staff (measures 5-8) starts with a repeat sign and is labeled with (d) above it. The third staff (measures 9-12) is labeled with (d) above it. The fourth staff (measures 13-16) is labeled with (e) above it. The fifth staff (measures 17-20) is labeled with (f) above it. The score ends with a double bar line and a repeat sign.

Speel Snit 2 nog 'n keer.

2.1 Omkring EEN artikulasie-aanduiding op die partituur.

**Antwoord:**

- Staccato: Maat 4<sup>1</sup> of
- Legato-bogie: Maat 4<sup>2</sup> of
- Staccato en aksent: Maat 4<sup>2</sup> of
- Legato-bogie: Maat 20<sup>2</sup>

*Enige 1 = 1 punt*

*Kandidate mag die noot en die artikulasie-aanduiding omkring.*

*Geen punt sal vir die pouseringsteken toegeken word nie.*

(1)

Speel Snit 3 EEN keer.

2.2 Beskryf die verskil wat jy tussen (a) en (b) hoor.

**Antwoord:**

- Maat 2 (b) is een oktaaf laer as maat 1 (a)
- Maat 2 (b) word op 'n ander omvang as maat 1 (a) gespeel
- Maat 2 (b) is laer as maat 1 (a)

*Enige 1 = 1 punt*

(1)

Speel Snit 4 TWEE keer.

2.3 Een toevallige teken ontbreek in maat 3 by (c). Vul die geskikte toevallige teken op die korrekte plek op die partituur in.

**Antwoord:**

Verwys na die partituur: A<sup>b</sup>

*A<sup>b</sup> = 1 punt*

(1)

Speel Snit 5 DRIE keer.

2.4 Identifiseer die kadens in maat 15<sup>2</sup> en 16<sup>1</sup> by (e).

**Antwoord:**

Volmaakte kadens

*Volmaakte kadens = 1 punt*

(1)

Speel Snit 6 TWEE keer.

2.5 Benoem die soort nie-akkordnoot wat jy in maat 17 by (f) hoor. (MOENIE die letternaam of die nootwaarde neerskryf NIE).

**Antwoord:**

Bo-wisselnoot (Bo-hulpnoot)

*Bo-wisselnoot (Bo-hulpnoot) = 1 punt*

(1)

Speel Snit 7 TWEE keer.

- 2.6 Watter EEN van die uittreksels hieronder pas by die musiek wat jy in maat 9–10 by (d) hoor? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.



(1)  
[6]

**TOTAAL AFDELING A: 10**



**AFDELING B: HERKENNING VAN MUSIKALE BEGRIPPE****VRAAG 3: ALGEMENE BELUISTERING (VERPLIGTEND)**

Bestudeer die items in KOLOM A in VRAAG 3.1–3.4 vir twee minute.

**Speel Snit 8 EEN keer.**

- 3.1 Merk TWEE items in KOLOM A wat met Snit 8 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies.

KOLOM A	Snit 8
Akkoordbegeleiding	X
Barok	
Tenoor-omvang	X
Musiekteater	
Ostinato	
Kunslied	X

*Enige 2 = 2 punte*

(2)

**Speel Snit 9 EEN keer.**

- 3.2 Merk TWEE items in KOLOM A wat met Snit 9 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies.

KOLOM A	Snit 9
Swing-ritme	X
Kitaarinleiding	
12-maat-blues	X
Klarinet	
Trompet	
Saksofoon	X

*Enige 2 = 2 punte*

(2)

**Speel Snit 10 EEN keer.**

- 3.3 Merk TWEE items in KOLOM A wat met Snit 10 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies.

KOLOM A	Snit 10
A cappella	X
Kunslied	
Mannekoor	X
Ostinato	
Ululasie	
Roep en antwoord	X

*Enige 2 = 2 punte*

(2)

**Speel Snit 11 EEN keer.**

- 3.4 Merk TWEE items in KOLOM A wat met Snit 11 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies.

KOLOM A	Snit 11
Strykerbegeleiding	X
R&B	
Tenoor-omvang	X
6	
8	
Kitaarinleiding	X
Improvisasie	

*Enige 2 = 2 punte*

(2)

**Speel Snit 8 tot 11 nog EEN keer direk na mekaar.**

(8 ÷ 2) **[4]**

**Beantwoord VRAAG 4 (WKM) ÓF VRAAG 5 (JAZZ) ÓF VRAAG 6 (IAM).****VRAAG 4: WKM****Speel Snit 12 VIER keer. Wag 30 sekondes na elke herhaling.**

4.1 Luister na die uittreksels uit Beethoven se *Simfonie Nr. 6 Op. 68* en beantwoord die vrae.

4.1.1 Uit watter beweging is hierdie uittreksel geneem?

**Antwoord:**

1<sup>ste</sup> beweging

1<sup>ste</sup> beweging = 1 punt

(1)

4.1.2 Skryf 'n Italiaanse musiekterm neer om die tempo van hierdie uittreksel te beskryf.

**Antwoord:**

Italiaans: Allegro ma non troppo of Andante of Moderato

1 punt vir elke korrekte antwoord = 1 punt  
Enige ander korrekte Italiaanse term sal ook aanvaar word.

(1)

4.1.3 Watter seksie van die orkes speel die melodie in hierdie uittreksel?

**Antwoord:**

Strykers

Strykers = 1 punt

(1)

4.1.4 Wat is die tydmaatteken van hierdie beweging?

2  
4

Korrekte tydmaatteken = 1 punt

(1)

**Speel Snit 13 TWEE keer.**

4.1.5 Watter EEN van die uitvoeringstegnieke hieronder hoor jy in die strykerseksie van hierdie uittreksel? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

**Antwoord:**

Tremolo	X	Pizzicato	Col legno
---------	---	-----------	-----------

Tremolo = 1 punt

(1)

4.2 Luister na die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

**Speel Snit 14 TWEE keer.**

4.2.1 Identifiseer die komponis en titel van hierdie werk.

**Antwoord:**

Komponis: (WA) Mozart

Titel: *The Magic Flute/Die Towerfluit/Der Hölle Rache kocht in meinem Herzen*

<i>Mozart</i>	= 1 punt
<i>The Magic Flute/Die Towerfluit/Der Hölle Rache kocht in meinem Herzen</i>	= 1 punt

(2)

4.2.2 Noem die karakter wat hierdie uittreksel sing.

**Antwoord:**

Koningin van die Nag

*Koningin van die Nag = 1 punt*

(1)

4.2.3 Hoe beeld die komponis intense emosie in hierdie aria uit? Noem TWEE maniere.

**Antwoord:**

- Stemtipe: koloratuur sopraan – hoë toonhoogtes beeld woede uit
- Akrobatiese vokale passasies – beeld koninklike status uit
- Herhaalde hoë note – beeld woede en angstigheid uit
- Harde dinamiese vlakke – beeld intense emosie uit

*1 punt vir elke korrekte antwoord tot 'n maksimum van 2 punte*

(2)

**Speel Snit 15 EEN keer.**

4.2.4 Wat is die tonaliteit van hierdie uittreksel? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

**Antwoord:**

Mineur	X	Majeur	Modaal	Atonaal
--------	---	--------	--------	---------

*Mineur = 1 punt*

(1)

## 4.3 Luister na die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 16 EEN keer.
-------------------------

- 4.3.1 Noem die TWEE strykinstrumente wat die openingsmelodie aan die begin van die uittreksel speel.

**Antwoord:**

- Altviool
- Tjello

1 punt vir elke korrekte antwoord tot 'n maksimum van 2 punte
---

(2)

Speel Snit 17 TWEE keer.
--------------------------

- 4.3.2 Kies die styltydperk wat jy met hierdie uittreksel assosieer. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

**Antwoord:**

Barok	Klassiek	Romanties X	Modern
-------	----------	-------------	--------

Romanties = 1 punt
--------------------

(1)

- 4.3.3 Kies die tydmaatteken van hierdie uittreksel. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

**Antwoord:**

4	6 X	9	5
4	8	8	4

$\frac{6}{8} = 1 \text{ punt}$
--------------------------------

(1)

- 4.3.4 Noem die nie-melodiese slaginstrument wat jy in hierdie uittreksel hoor.

**Antwoord:**

Driehoek

Driehoek = 1 punt
-------------------

(1)  
[8]

(16 ÷ 2)

OF

**VRAAG 5: JAZZ**

5.1 Luister na die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

**Speel Snit 18 TWEE keer.**

5.1.1 Identifiseer die kunstenaar(s).

**Antwoord:**  
Manhattan Brothers

*Manhattan Brothers = 1 punt*

(1)

5.1.2 Noem die solo-instrument wat saam met die vokale party improviseer.

**Antwoord:**

*Klarinet = 1 punt*

(1)

**Speel Snit 19 EEN keer.**

5.1.3 Met watter Suid-Afrikaanse jazz-styl assosieer jy hierdie musiek? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

**Antwoord:**

Kwêla	Marabi	X	New jazz	Mbaqanga
-------	--------	---	----------	----------

*Marabi = 1 punt*

(1)

5.1.4 Gee TWEE redes vir jou antwoord op VRAAG 5.1.3.

**Antwoord:**

- Ontstaan uit Xhosa folkliedere
- Matige tot flink tempo
- Herhalende wysie
- Klein ensemble/orkes
- Duidelike jazz-gevoel, gebruik van instrumentale improvisasie
- Sikliese 4-maat harmoniese patroon

*1 punt vir elke korrekte antwoord tot 'n maksimum van 2 punte*

(2)

5.2 Luister na die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

**Speel Snit 20 TWEE keer.**

5.2.1 Met watter van die kunstenaars hieronder assosieer jy hierdie musiek? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

**Antwoord:**

Spokes Mashiane	The Jazz Epistles	X	The Flying Jazz Queens	Lemmy Mabaso
--------------------	----------------------	---	---------------------------	-----------------

*The Jazz Epistles = 1 punt*

(1)

5.2.2 Identifiseer die jazz-styl wat gespeel word.

**Antwoord:**

- New Jazz
- Bebop
- Hard Bop

*Enige een = 1 punt*

(1)

5.2.3 Noem die instrument wat die geïmproviseerde soloparty speel.

**Antwoord:**

Saksofoon

*Saksofoon = 1 punt*

(1)

**Speel Snit 21 TWEE keer.**

5.2.4 Noem EEN instrument in die ritmeseksie.

**Antwoord:**

Klavier, Bas, Tromme

*Enige een = 1 punt*

(1)

5.2.5 Watter ritmiese tegniek hoor jy in hierdie uittreksel? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

**Antwoord:**

Poliritme	Drieslagmaat	Sinkopasie X
-----------	--------------	--------------

*Sinkopasie = 1 punt*

(1)

5.3 Luister na die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

**Speel Snit 22 TWEE keer.**

5.3.1 Met watter EEN van die kunstenaars hieronder assosieer jy hierdie musiek? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

**Antwoord:**

Miriam Makeba	Sello Galane	Lemmy Mabaso	X
---------------	--------------	--------------	---

*Lemmy Mabaso = 1 punt*

(1)

5.3.2 Skryf die naam van die lied neer.

**Antwoord:**

*See you later*

*See you later = 1 punt*

(1)

5.3.3 Identifiseer die jazz-styl wat hier gespeel word.

**Antwoord:**

*Kwêla*

*Kwêla = 1 punt*

(1)

5.3.4 Noem TWEE instrumente wat solo-improvisasies speel.

**Antwoord:**

- Saksofoon
- Penniefluit/fluit

<i>Saksofoon</i>	<i>= 1 punt</i>
<i>Penniefluit/fluit</i>	<i>= 1 fluit</i>

(2)

**Speel Snit 23 EEN keer.**

5.3.5 Noem die komposisie-/voordragtegniek wat deur hierdie twee instrumente gebruik word.

**Answer:**

- Roep en antwoord
- Nabootsing

*Enige EEN korrekte antwoord = 1 punt*

(1)

(16 ÷ 2)

**[8]**

**OF**



**VRAAG 6: IAM**

6.1 Luister na die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

**Speel Snit 24 TWEE keer.**

6.1.1 Watter Afrika-sangstyl word hier gebruik?

**Antwoord:**

- Mbube
- Isicathamiya

*Mbube of Isicathamiya = 1 punt*

(1)

6.1.2 Noem EEN groep met wie jy hierdie lied assosieer.

**Antwoord:**

Ladysmith Black Mambazo

*Ladysmith Black Mambazo = 1 punt*

(1)

6.1.3 Watter EEN van die vokale eienskappe/tegnieke hieronder hoor jy in hierdie uittreksel? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

**Antwoord:**

Ululasie	Scatting	Krepitasie	X	Jodel
----------	----------	------------	---	-------

*Krepitasie = 1 punt*

(1)

**Speel Snit 25 EEN keer.**

6.1.4 Noem TWEE karaktereienskappe van hierdie sangstyl.

**Antwoord:**

- Roep en antwoord
- Homofoniese tekstuur
- Herhalende ritmes
- A cappella, manlike vokale ensemble

*1 punt vir elke korrekte antwoord tot 'n maksimum van 2 punte*

(2)

Speel Snit 26 EEN keer en speel dan Snit 27 EEN keer.

- 6.1.5 Vergelyk die maatslag en tempo van Snit 26 met dié van Snit 27 deur die tabel hieronder te voltooi.

	Snit 26	Snit 27
<b>Maatslag</b>	Geen vasgestelde maatslag nie = $\frac{1}{2}$	Reëlmatige maatslag = $\frac{1}{2}$
<b>Tempo</b>	Tempo wissel = $\frac{1}{2}$	Konstante vinnige tempo = $\frac{1}{2}$

1 punt vir elke snit = 2 punte

(2)

Speel Snit 26 en Snit 27 nog EEN keer direk na mekaar.

- 6.2 Luister na die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 28 DRIE keer.

- 6.2.1 Identifiseer die Suid-Afrikaanse musiekstyl.

**Antwoord:**

Mbaqanga

Mbaqanga = 1 punt

(1)

- 6.2.2 Met watter van die kunstenaars hieronder assosieer jy hierdie musiek? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

**Antwoord:**

Manhattan Brothers	Soul Brothers	X	Jabu Khanyile
--------------------	---------------	---	---------------

(1)

Soul Brothers = 1 punt

(1)

- 6.2.3 Identifiseer TWEE instrumente (die stem uitgesluit) wat jy in hierdie uittreksel hoor.

**Antwoord:**

- Orrel
- Elektroniese klavierbord
- Tromstel
- Baskitaar
- Kitaar

2 punte vir enige twee instrumente

(2)

6.3 Luister na die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

**Speel Snit 29 EEN keer.**

6.3.1 Identifiseer die titel en komponis van hierdie musiek.

**Antwoord:**

*Ngwana wa lela* – Phillip Tabane

*Ngwana wa lela* = 1 punt  
*Phillip Tabane* = 1 punt

(2)

**Speel Snit 30 EEN keer.**

6.3.2 Met watter Suid-Afrikaanse musiekstyl assosieer jy hierdie uittreksel?

**Antwoord:**

Malombo Jazz

*Malombo Jazz* = 1 punt

(1)

6.3.3 Gee TWEE redes vir jou antwoord op VRAAG 6.3.2.

**Antwoord:**

- Slagwerkinstrumente ontleen aan die Bapedi en VhaVenda-kulture
- Afrika-ritmes deur tromme verskaf
- Geplukte kitaarmelodie
- Liriese, sangerige kitaarmelodieë

*1 punt vir elke korrekte antwoord tot 'n maksimum van 2 punte*

(16 ÷ 2)

(2)

**[8]**

**TOTAAL AFDELING B: 12**

**AFDELING C: VORM****VRAAG 7**

Lees en bestudeer die vrae op die volgende bladsy vir EEN minuut.

Speel Snit 31 EEN keer om 'n algehele indruk te gee.

**Crazy**

Willie Nelson

Introduction/Inleiding



6 Cra- zy —

10 Cra- zy for fee- lin' so lone- ly — I'm cra- zy —

14 Cra- zy for fee- lin' so blue. I knew — you'd

18 love me as long as you want- ed — and then some day you'd

22 leave me for some- bo - dy new. Wor- ry —

26 why do I let my- self wor ry — Won- d'rin'

30 what in the world did I do — I'm Cra- zy — for

33 think- ing that my love could hold you — I'm

Cra- zy for try- in', and Cra- zy for cry- in' and I'm Cra- zy for lov - in' you.

Speel Snit 32 EEN keer.

- 7.1 Analiseer die vorm van hierdie stuk. Dui die hoofseksies op die partituur aan deur hoofletters (byvoorbeeld C, D) boaan die partituur aan die begin van elke seksie te skryf.

**Antwoord:**

Verwys na die partituur.

SEKSIE	MAATNOMMERS
Inleiding: (nie vereis nie)	1–4 <sup>3</sup>
A	4 <sup>4</sup> (5)–12
A <sup>1</sup>	13–20
B	21–28 <sup>3</sup> (28)
A <sup>2</sup>	28 <sup>4</sup> (29)–36

1 punt vir elke korrekte A-seksie tot 'n maksimum van 3 punte = 3 punte  
1 punt vir B-seksie = 1 punte

**Alternatiewe antwoord:**

SEKSIE	MAATNOMMERS	PUNTE
Inleiding: (nie vereis nie)	1–4 <sup>3</sup>	
A	4 <sup>4</sup> (5)–20	= 2 punte
B	21–28 <sup>3</sup> (28)	= 1 punt
A <sup>2</sup>	28 <sup>4</sup> (29)–36	= 1 punt

(4)

- 7.2 Wat is die naam van die algehele vorm tipe van hierdie lied?

**Antwoord:**

Drieledige vorm of AABA-liedvorm

Drieledige vorm of AABA-liedvorm = 1 punt

(1)

- 7.3 Na watter toonsoort moduleer die lied en in watter mate vind die modulاسie plaas?

**Antwoord:**

G majeur  
Enige mate vanaf 25–28

G majeur = 1 punt  
Maatnommers = 1 punt

(2)

- 7.4 Identifiseer die komposisietegniek wat in maat 33 en 34 gebruik word. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

**Antwoord:**

Sekwens	Gevarieerde sekwens	<b>X</b>	Herhaling	Nabootsing
---------	---------------------	----------	-----------	------------

*Gevarieerde sekwens = 1 punt*

(1)

Speel Snit 33 EEN keer.

**TOTAAL AFDELING C: 8**  
**GROOTTOTAAL: 30**